Conditions was all but perfect, icy cold and strong wind. Fortunately it is part of the sport so as we always say, " Put e'm up or shut up"! Once again as expected, Ewald's birds didn't disappoint . Beautifull tight rollers with good depth, unfortunately due to the wind this active kitt battled to settle after breaks but still managed to set a benchmark score of 224,7 and a total of 17 breaks.

Andre Steenkamp also flew an active kit putting in 16 breaks, but not quite the depth and speed as those of Ewald and a raw score of only 12 points less than Ewald.

It is always easy on me as a judge if the first kitt performs well as it allows me to set a good quality and depth factor wich leaves adequite room for improved kits and not such good kits alike. I gave this kit a quality factor of 1.5 (max 2) and depth of 1.4 also a possible 2 maximum.

As the day progressed the wind started settling down to mild, but unfortunately as weather improved the quality of the kits dropped. Don't get me wrong, most of the 7 kits judged on the day was a pleasure to watch and judge.

The only kit that didn't deliver much was that belonging to Tony Oosthuyzen. The birds came out, flew a bit eratic, Once on the clock they just started scoring when they were hit by a falcon. After giving Tony a 5 minute timeout he was put back on the clock but was hit another two times by the falcon before the birds could regroup.

On day two it was back to The West for yet another 7 kits to judge. 7am and it was time for Sparks Axsel to put up, the weather was cool but good and up they went.

Man 'o man, what a sight when this kit started breaking. The intensity that these little rollers put into the roll is amazing. With seven good clean breaks during the first five minutes was promising to become something great, when all of a sudden the kit split up and flew in 20 different directions. The kit wouldn't settle and only ended up with a total of 12 breaks. The quality and style was exceptional and I awarded them 1.6 and 1.6

Ben Subke flew a nice active kit that managed to

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377

put in 18 breaks, and Bernie Axsel's kit put in 17 breaks, both lacking the intensity and style that I saw with Sparks's kit.

The last kit on the day was that of Dirk Axsel. The kit put in 19 breaks and also the first to score dou le figures, with one break of ten birds. Although lacking in quality and depth, compared to Ewald and Sparks, he still managed to knock Ewald of top spot with a total score of 245,05.

Tuesday was "The Paintshop" to put up. Weather was as good as perfect and JP Peter put a good kit, activity was a bit disapointing but birds showing great discipline, and style. This kit also produced the second 10 bird break. The same pattern followed as the remaining kits all flew well, but lacked activity.

Wedensday 16th was the day for the boys from Alberton. Here once again activity was the shortfall, as the weather was as good as could be. The kits at this stage is on a parr with majority as far as quality and depth is concerned.

Somewhere long the line I also get to fly my own birds and thought it good to judge them as they get a bit of fly time. On day one they did rather well, putting in breaks of 5 to 7 every 50 seconds. They went quiet for about 7 minutes and eventualy put in a total of 17 break and I scored them an unofficial 171. The second time I got to fly them it was a dissaster and probably the second worst kit I have seen this last week!

---

17 September is dit weereens vroeg op die pad om die verkeer te mis want 7 uur moet beoordeling begin by Dirk van Niekerk in Pretoria. Tydsberekening was goed en die verkeer het saamgespeel, 6:45 stop ek voor die hek.

Die duiwe word oopgemaak in mooi weer en alles lyk goed, die pak sit een of twee breuke in en Dirk vra dat ek hulle op die "clock" moet sit.

Dinge lyk goed, die duiwe vlieg figuur agt, oop sterte en breek op 'n lekker hoogte. 9 Breuke gedurende die eerste 5 minute en dinge lyk goed, maar soos die tyd aanstap begin die aktiwiteit minder word en is daar slegs 10 breuke gedurende die laaste 15 minute. Totaal vir Dirk se kit was 209.3 punte. Die res van die dag se deelnemers was maar teleurstellend.

Weerèens wys die duiwe dat 'n telling van 400 na 500 nie moeilik kan wees nie, die duiwe moet slegs konstant rol vir die hele 20 minute met 'n goeie punt vir kwaliteit en diepte en ons sal kyk na 500 punte.

19 Oktober en daar is drie kits om te beoordeel, eerstens is dit Brian Lockhaert. Sterk wind druk die duiwe en hulle werk hard om bo die hokke te draai. Daar is heelwat breuke, maar ongelukkig te vêr om te beoordeel, nogmaals is daar 12 breuke wat punte maak en die kit kry 'n telling van 130,13.

Volgende was Dawie de Villiers en dinge gaan dieselfde met n telling van 143,78.

Nino Spada is volgende aan die beurt. Seker die hok met die mooiste rollers. Nino kom al oor die 40 jaar met sy bloedlyn en het nie te lank terug nie weer kompeterend begin vlieg. Ongelukkig is die

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

PAM GOLDING
PROPERTIES

PROPERTY SPECIALISTS IN
THE KLEIN KAROO

Whatever your property requirements in
Oudtshoorn, Calitzdorp, Ladysmith, van Wyksdorp,
De Rust, Uniondale and surrounds,

Our unmatched standard of personalized and professional real estate service is something you are assured of.

**8 Baron van Reede Road**
**Oudtshoon 6625**

**Tel: 044 272 2822**
**Fax: 044 272 6839**

**E-mail: oudtshoorn@pamgolding.co.za**

INTERNATIONAL PROPERTY AWARDS 2014-2015
★★★★★
Best Real Estate Agency South Africa
Best Real Estate Agency Africa

opp AWARDS FOR EXCELLENCE
GOLD - 2014 Best Estate Agency Africa
GOLD - 2014 Best Online Service
SILVER - 2014 Best Media
SILVER - 2014 Best Global Estate Agency

www.pamgolding.co.za/oudtshoorn
Pam Golding Properties
An international Associate of Savills
savills

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

wind hier nog sterker en die duiwe is met die oopmaakslag onmiddelik op en weg, oor die skool se dak. So nou en dan sien ons die kit vir n kort tydjie en dan gaan hulle weer.

20 September en weereens is dit vroeg uit die blokke, 4:30 is ek op pad Rustenburg toe. Weereens loop dinge goed en ariveer ek 15 minute voor die beplande vliegtyd.

Die wind kom en gaan en die duiwe sukkel ook maar om hul ritme te vind by meeste hokke. Wimpie Fourie sit wel 'n goeie span op en alles lyk belowend, tot na die vierde breuk toe trek meneer "Die Roofvoël" in. Die ou het nogal vasbyt en het tussen die duiwe baljaar vir die hele 20 minute.

Johan Hayward slaag daarin om beter weersomstandighede te hê en sit 'n goeie kit op met lekker aktiwiteit. Sy duiwe breuk mooi en hulle diepte is ook baie goed. Die kit sit 19 breuke in gedurende die eerste 15 minute toe draai die weer, hulle word ook rondgejaag en breuk slegs een keer vir die oorblywende tyd, Nogtans slaag Johan daarin om die voortou te vat met 'n telling van 258,3.

Kobus Oosthuizen se duiwe het ook goed gelyk, maar weereens ken die duiwe nie van wind nie. Wimpie Putter se span werk ook mooi saam, met twintig breuke, maar ook hier het die wind sy tol geeïs en slaag hy ook om die 200 merk te haal.

Die oggend van 22 September is Penne van Zyl aan die beurt om 6:45. Op die pad sien ek al die weer is aan die opsteek. Toe ons by die huis uitloop begin dit reen. "Nou wat maak ek nou?" vra Penne. Dis maklik, "Putt up or shut up!"

Wel dan maak ons maar oop! Die duiwe is uit en die wolke is donker. Nes die duiwe op mooi hoogte is hou die reën net so skielik op as wat dit begin het en Penne roep tyd.

So elke nou en dan is daar 'n breuk, en volgende oomblik, "Rolling Thunder, of Grease Lightning!" Die weerlig blits deur die hemel en daar begin die spannetjie rol, daar is nie tyd om oë te knip nie. Hulle sit 'n totaal van 30 breuke in met ongelukkig net een breuk van 12. Die duiwe het sekerlik nie hoër as 50 meter gevlieg nie en die heeltyd reg voor ons gebreek. Dit was nou iets om te aanskou en te beleef. Seker een van die maklikste kits wat ek nog beoordeel het. Die dwarslat word gelig en Penne is nou die nuwe voorloper met 'n totaal van 411,6.

Volgende aan die beurt is Steve Naudé en ons is vol verwagtinge. Die duiwe sit 'n konstante vertoning in maar nie soos ek weet hulle kan rol nie, en nog minder soos die van Penne, maar nogsteeds slaag Steve daarin om voorlopig 2de plek te beklee met 258.44, slegs 0.23 meer as Johan Hayward.

Tot op datum het daar nog 9 kits gevlieg maar ongelukkig nie een wat die 100 merk oorskry nie. Nou is daar nog een naweek oor en 12 kits om te beoordeel dan is dit die einde van die uitstappie !

---

Dit is die laaste naweek van beoordeling, en dinge lyk nie goed nie, die wind pla weereens, maar daar was baie kits wat goed gedoen het in erger wind.

Die laaste Middag van beoordeling het aangebreek, Edgar Roscoe en

sy seun Jonothan is aan die beurt. Ons (ek en Rob Poley, my scribe) arriveer voor die plot se hek. Julle moet verstaan hier is 'n plot van seker 30 000 vierkante meter, met slegs 'n duiwehok in die middel, Die man is ernstig! Die wolke pak dik saam en die weer is swaar. Ek is by die huis weg in 'n kortmou hemp en kort broek, 25 km verder en ons reën sop nat.

"Pastoor" klim uit die kar en vra, "Wat maak ons nou?". "Selfde as by Penne" antwoord ek hom, en daar word oopgemaak!

Die duiwe sukkel bietjie om saam te werk as gevolg van die wind en reën, hulle kom bymekaar en spanwerk word beter, die donderweer en blitse is nie vêr wegnie en "Pastoor" roep tyd. Wat 'n belewenis en skouspel sit die span nie op nie, breuk na breuk, skoon reguit rolle met spoed en presisie. Die eerste en enigste kit met die kwaliteit en styl wat ek by Sparks gesien het. Vir die hele 20 minute sit hulle 'n konstante vertoning in en eindig met n fenominale telling van 780 punte.

Voorwaar die beste kit wat ek nog beoordeel het.

Ons kry ons asem terug na die skouspel en vertrek, om 'n blok verder Jonothan se kit te beoordeel. Die weer is nie veel beter nie, maar weereens sit die duiwe die werk in wat van hulle verwag word. Jonothan se duiwe het nie die styl en absolute beheer wat ons by sy Pa gesien het nie, maar die duiwe werk konstant en maak klaar met n punte telling van 508.

Wat interessant is, is dat die drie top kits van Penne, Jonothan en Pastoor al drie in onweer, (weerlig, reën en wind) gevlieg het.

Baie geluk aan die drie manne wat uitsonderlike "kits" opgesit het, julle verdien alle prys wat julle toekom.

Ek moet sê na 2100 km is ek redelik moeg vir rondry agter rollers aan en my nek is ordentlik getoets na my onlangse operasie. Dit was my absolute voorreg om die 54 ope kits te kon beoor-deel en dankie aan al die deelnemers wat my met hul gasvryheid ontvang het.

Volgende jaar maak ons weer so!



**Rollers in aksie by Rob se huis**






SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377




## Die SA Distance Roller

**Johan Munnik**

Ek het weer hierdie jaar my hand aan wedvlugduiwe probeer. My prestasies was as volg:

5 Wenne in die Klub waarvan twee federasie wenne was, wen die middelpad puntebeker asook die jongduif punte beker en baie tweedes en derdes. Wou maar net sien of ek nog die slag het met resiesduiwe.






Chrome Bar kuifkop

My groot liefde is natuurlik die SA Distance Roller, ek het hulle nog maar altyd saam met die resiesduiwe alhoewel ek nou van al die resiesduiwe ontslae geraak het. Die SA Distance kom 'n baie lang pad in Suid Afrika. Ek dink daar is meer as 800 mense wat die ras aanhou net vir die lekker, dan is daar nog klubs wat aktief vlieg in Pretoria, Vereeniging, Oosrand, Westonaria en omgewing. Die sport het baie verbeter, waar 'n duif met 'n 4 sekonde rol puik was, kyk die manne nou na 'n 8 sekondes plus. Teling het baie verbeter. Ek self neem nie meer aan kompetisies deel nie, as gevolg van die al ewige gestryery oor die beoordeling. Ek probeer kleure teel maar dit is maar moeilik, byvoorbeeld 'n geel hen met 'n blou cock teel vir my 'n pikswarte.

My hoofdoel is om weer ordentlike veerpote te teel,

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011




Strawberry Saddleback



Blou Geruit Badge

ek begin nou om dit reg te kry, sien foto's. Die bloedlyne waarvan gepraat word byvoorbeeld Goodrims, no 8s en Ketaps is almal na mense vernoem wat hulle geteel het. Ons kry natuurlik deesdae heelwat duiwe wat tussen 10 en 20 sekondes rol. Die duiwe is baie goeie voerders en baie mense hou hulle aan vir die doel. Een oggend toe bel 'n ou Omie my en se hy soek veerpoot rollers, maar die veerpote moet so lank soos hulle vlerkvere wees, hy sê in sy tyd in die 50's het hy hulle so geteel, nou ja ek probeer nou ook om die veerpote mooi lank te kry. Sal hulle seker nie so lank soos die vlerke kry nie tensy ek SA Toys inbring. Ek het 'n rooi splash gehad wat 16 sekondes gerol het met groot veerpote, ek dag as ek die veerpote afsny gaan sy beter rol en vlieg, nodeloos om te sê die volgende rol val sy haar dood, dit het my geleer om nie met die natuur te karring nie. Ek het al gesien hoe iemand die duif se stert uittrek om hom beter te laat vlieg. Die duif het hom doodgeval want toe het hy nie meer brieke nie. Ek self het pragtige kleure geteel onder andere, Chrome uit my kuifkoppe. Soos ek gesê het, om te te probeer kleur teel is maar moeilik maar sal daarvan hou om poeier blou en Archangel kleure te kan teel. Geniet julle duiwe en laat weet hoe kan ek kleurteling doen sonder om die rol te benadeel.




Duiwe Groete



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377




## Hulle rol almal

Piet Brouwer

Ek het 'n bietjie navorsing gedoen om te sien watter duiwe rasse almal kan rol, en toe die volgende ontdek:


Ek noem die ras en dan die land van herkoms en dan 'n kort beskrywing van die duif.

1. "Chinese Blue" - Sjina:



Daar kom twee tipes voor nl. Die Hoogvlieër en die Roller. Die wat rol word "Rolling Blue" genoem. Hulle kan redeilk goed rol. Die duif moet so klein as moontlik wees, met kaal bene. Die bek is kort en dik. Kom met of sonder kuif op die kop voor. Party het 'n klossie vere (tuft) bokant die bek. Die oogringe is wit. Net blou gebalk of blou geruite duiwe kom voor.

2. "Rakovink Roller" - Tsjeggoslowakye:




'n Uitstekende roller. Daar is van hulle wat ook op 'n horisontale vlak kan rol, Die kop is klein en rond. Die bek is dik maar redelik lank. Hulle is ongeveer so groot soos die Birmingham Roller.

3. "Flying West of England Tumbler" - Wes Engeland:




Hierdie duif rol swak indien ooit, ongeveer 3 tot 4 revolusies. Almal wat verder as dit rol word van kant gemaak, Dit is 'n mooi kompakte duif met digte veerpote. Die lyf is langer as die van die Birmingham roller en die bek lank genoeg om sy eie kuikens te voer. Kom in 'n groot verskeidenheid kleure voor.

4. "East Prussian Roller" - Oos Persië:



Rol redellk goed. Het al van hulle gesien wat afrol. Dit is 'n kort kompakte duif met 'n swak gevormde kuif, met medium lengte tot kort vere aan die pote. Kom in baie mooi kleure voor. Hier is van hulle in Suid-Afrika

5. "Oriental Roller" - Asië



Ook genoem "Oriental Sharpshooter". Redelik gewild in Amerika. Hulle rol baie goed maar "kit" nie saam met ander duiwe

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

nie. Hulle is heel uniek wat die rol betref, in die sin dat wanneer een wil rol vlieg hy uit die "kit" na bo en rol dan af na die "kit". Die duif is effens groter as die Birmingham Roller. Die vlerke word onder die stert gedra en die stertvere tel tussen 14 tot 22 in getal. Baie helder en verskillende kleure word aangetref. Geen oliekan is aanwesig. (Wens iemand wil van hulle invoer)

6. "Central Assiatic Roller" - Asië




Hierdie is 'n uitstekende roller wat baie diep kan rol. Dis is 'n klein tot medium grootte duif. Die vlerke word onder die stert gedra en die stervere tel van af 14 tot 22. Die pote is bedek met medium lengte vere. Die oogkleur is pêrel. Kom in alle kleure voor maar die 3 algemeenstes is rooi, geel, geel gebalk, silwer en dun. Let op dat vier van hierdie kleure verdunde kleure is.

7. "Posen Colored Tumblers" - Poland:

Hulle kan rol, maar nie goed nie. Hierdie is 'n wit duif met 'n gekleurde kop en gekleurde stert, en kom in die volgende kleure voor, blou, rooi, swart en geel. Die oog is wit met 'n breë vleeskleurige oogring. Die bek is ligkleurig met donker punt op die bobek, in die swart en blou kleure.

8. "Roller of Galati" - Romenië:




'n Uitstekende roller wat ook as hoogvlieër gebruik word, Hulle kan tussen 6 tot 8 ure in die lug bly (amper soos die S.A. Afstand Roller). Hulle is so groot soos die Birmingham Roller. Party het swak gevormde kuifkoppe of 'n swak gevormde kappie. Die stertvere tel tussen 12 tot 16. Geen olie kan kom voor nie. Hier is van hulle in Suid-Afrika, in teendeel hier sit 'n paar in my hok.

9. "Romanian Moriscar Roller" - Romenië:

'n Baie goeie roller. In sy land van herkoms word hulle "Spinning Ball" genoem, Hulle kan baie vinnig en diep rol, Hulle word uitsluitlik net vir rol geteel. Dit is 'n klein duifie met geen vere aan pote nie. Die stertvere tel tussen 12 tot 16. Die vlerke kan op of onder die stert gedra word. Geen oliekan aanwesig.

10. "Fish Eye Roller" - Spanje:



Hulle kan goed rol. Dit is 'n klein duifie met 'n prominente voorkop. Bek is lank en dun. Die vlerke en die stert is lank. Groot waarde word aan die oog geheg wat pêrelkleurig moet wees met die pupil baie klein. Die bek en oogringe is 'n intense rooi kleur. Kom eintlik in alle kleure voor.


11. "Majorcan Esbort Roller" - Spanje:

SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229


Rol, maar nie goed nie. Die duif vlieg baie hoog en vinnig. Volgens standaard, so klein as moontlik. Die stertvere tel tussen 14 tot 18. Wit is die algemeenste kleur. Geen olie kan.

12. "Cyrian Coop Tumbler" - Midde Ooste:



Die duif se aksie is tussen die van die Bodemtuimelaar en die van die Birmingham Roller. Wanneer die duif opvlieg na sy nes tuimel dit twee tot drie keer. Wanneer op die hand gehou word, rol dit af na die grond toe, (Ek het hulle al geteel met die Birmingham en Bodemtuimelaar). Alle kleure kom voor.

13. "Lotan" - Indië



Rol baie goed op die grond, Daar word beweer dat hierdie duiwe beter as die Bodemtuimelaar kan rol. Die duif is so groot soos die Birmingham roller. 'n Klein klossie vere (tuft) kom bokant die bek voor. Met of sonder vere aan pote. Kom net in wit voor.

Daar is natuurlik ook ons eie Botternek Tuimelaar waarvan party redelik rol. (Ek het al van hulle gesien wat afrol). In my hok bly die koning van hulle almal maar die Birmingham Roller.

Duiwe Groete.



## Birmingham Roller Vertonersklub

## Spesiale toekennings

**Inleiding:**

Nadat daar tydens 'n Birmingham Roller vergadering 'n voorstel ter tafel gelê is om vir die Rollertelers 'n Meesterteler toekenning te maak het die bestuur van die klub al die lede van die BRVK gevra om te probeer om 'n kriteria daar te stel vir die toekenning van die gesogte prys. Die meeste lede het nie gereageer nie, maar Rodney Stevens, Christo Munnik, Chris vd Berg en Raymond Hohls het wel 'n poging aangewend waarvan die grootste poging sekerlik van Rodney af gekom het. Die lede van die BRVK het toe in 2005 tydens die Prestige skou vir die vier lede gevra om al die feite bymekaar te bring sodat die toekennings kan begin.

Enige toekenning op enige gebied hetsy sport, werk of stokperdjie moet in die eerste plek nie goedkoop wees nie. Dit beteken nie dat die toekenning buite bereik moet wees nie maar 'n toekenning soos Meesterteler behoort buite bereik van ongeveer 99% van alle lede te wees. Alle lede moet op gelyke voet kan meeding en die speelveld moet gelyk wees maar 'n vereiste van 100% moet daar gestel word en verkry word voor so 'n toekenning gemaak kan word. Daar moet erkenning gegee word aan lede wat probeer om bo uit te kom en van die toekennings moet

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

makliker bekombaar wees as ander.

Nadat al die feite bymekaar gegooi is het ons saamgestem dat die volgende toekennings gemaak behoort te word aan Roller telers in volgorde van prioriteit nl:

1. **Lewenslange prestasie toekenning (Lifetime achievement award)**
2. **Meester teler (Master breeder)**
3. **Goue vlerke (Golden wings)**
4. **Silwer vlerke (Silver wings)**
5. **Brons vlerke (Bronze wings)**

Die komitee het toe verder gaan sit en 'n kriteria uitgewerk vir al die bogenoemde toekennings. Daar was ook eenparig besluit dat die kriteria elke vyf jaar hersien behoort te word sodat ons nie stagneer nie. Vennootskappe in die SASV se punte tel apart vir elke lid van die vennootskap dus moet elke lid dieselfde punte kry vir een van die vennootskap se duiwe wat presteer.

**Kriteria**

**1. Lewenslange prestasie toekenning (Lifetime achievement award)**

Die bogenoemde toekenning se kriteria sal dieselfde lees as die Meesterteler toekenning met die volgende punte wat bykom:

a) Betrokkenheid by aktiewe vliegklubs. Die lid moes betrokke gewees het by die stigting van ten minste een vliegklub en/of so 'n klub self gestig het.
b) Die lid moes vir ten minste vyf jaar aktief aan kompetisies deelgeneem het. Uitslae behoort voorgelê te word.
c) Die lid moes ook ten minste vir twee jaar op die bestuur van so 'n klub gedien het.
d) Die lid moet in besit wees van die Meesterteler toekenning om op die toekenning aanspraak te maak.

**2. Meesterteler (Master breeder)**

a) Moet lid wees van die SASV vir tien jaar en langer.
b) Moet lid wees van die BRVK vir tien jaar en langer.
c) Moes lid gewees het van die dagbestuur van die BRVK (President, Vise-President en Sekretaris) vir twee termyne en langer.
d) Moet Nasionale status as teler en/of Beoordelaar hê in die ras.
e) Moes betrokke gewees het by die aanbied van ten minste drie Prestige skoue.
f) Moes ten minste twee Kampioen duiwe vertoon het op enige Prestige skou met eie geteelde duiwe. Indien die duif nie sy/haar geteelde duif is nie gaan die eer aan die teler van die betrokke duif.
g) Moet konkrete bewys kan lewer op aanvraag van sy/haar bydrae tot bevordering van die ras nl.
(1) Die aanbied en/of bywoon van duiwedae.



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377

(2) Verspreiding van literatuur aan lede.
(3) Verspreiding van goeie teelmateriaal onder die lede.
(4) Een honderde persent skoon rekord in die SASV en BRVK.
h) Moet in besit wees van die Goue vlerke toekenning.

**3. Goue vlerke (Golden wings)**

a) Moet lid wees van die SASV vir tien jaar en langer.
b) Moet lid wees van die BRVK vir tien jaar en langer.
c) Moes al ten minste drie maal die Kampioen duif op 'n SA Kampioenskap skou met eie geteelde duif vertoon het.
d) Moet in besit wees van die Silwer vlerke toekenning.

**4. Silwer vlerke (Silver wings)**

a) Moet lid wees van die SASV vir vyf jaar en langer.
b) Moet lid wees van die BRVK vir vyf jaar en langer.
c) Moes ten minste al drie keer beste ou en/of beste jong duif tydens die SA Kampioenskap skou in die ras vertoon het.
d) Moes ten minste al ses keer enige streekskou die beste Birmingham Roller vertoon het.
e) Moet in besit wees van die Brons vlerke toekenning.

**5. Brons vlerke (Bronze wings)**

a) Moet lid wees van die SASV vir twee jaar en langer.
b) Moet lid wees van die BRVK vir twee jaar en langer.
c) Moes ten minste een keer al beste ou en/of beste jong duif tydens die SA Kampioenskap skou in die ras vertoon het.
d) Moes ten minste al twee keer die beste duif op enige streekskou vertoon het of ten minste drie keer die beste ou en/of beste jong duif op enige streekskou vertoon het.

Daar moet gelet word dat die toekennings niks te doen het met die toekennings wat jaarliks tydens die SA Kampioenskap skou gedoen word nie.



## The ideal Show Roller: The NRC's guide to judging the Show Roller by Jeff Davies September 2002

This Show Roller standard is set out to maintain a pigeon of size, shape and plumage suitable for kit flying, in fact, a flying breed which can still fly with style and some endurance.

**BODY TYPE:**
(15 points) A pigeon with balance and symmetry is the requirement.

**SIZE:**
A short, wedge shaped pigeon is ideal, long cast birds are regarded as a serious fault. Cocks to measure 80-100 cms from



National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

the back of the neck to the end of the tail, hens 70-90cms. The keel should be medium depth directly below the wing butts, and should, with a gradual upward sweep, meet the vent bones. Deep keeled birds are generally big and not ideal.

**STATION:**
(8 points) At best the Roller should be low on the legs, with the legs nicely spaced and no sign of knocked knees. With the wings carried on the tail, and the short tail angled down and carried about 25mm above the floor. The wing butts should blend well into the body plumage. The neck should be short, and the head carried some 70mm in front of the bird's axis, giving the impression of alertness and designed for flight.

**IN THE HAND:**
(20 points) The bird's bone structure determines its size, but the flesh and muscle gives the body the ideal 'feel' and condition; a firm apple body is the requirement. The body plumage to have a rich silky texture and be as dense as possible. Back cover should extend on to the middle of the tail and provide a strong waterproof rump. A weak rump is a bad fault. The spread, open wing should show strong, springy secondary and primary feathers with good width of webbing, and be free of pinholes or fret marks. The twelve tail feathers should be similarly endowed and when closed, the tail width should be no more than 35mm wide. Clean legs are preferred, but some leg grousing is acceptable.

**HEAD & NECK QUALITIES:**
(50 points) It is the head of the Show Roller that is accored the greatest significance and value. Expression, that unique quality, is only recognised in a bird where conformity of beak, head contours and eyes are ideal. The beak should be fine and spindle in its sructure, and should be set straight off the face of the Roller. It should be 12mm-15mm in length. Thick, coarse beaks or beaks angled down from the face are serious faults which detract from the expression. Clean, flesh coloured beaks are preferred on baldheads, but stained or dark coloured beaks are acceptable on badge marked or plain headed Rollers. The wattles should be small, neat and white in colour. The Roller's frontal plumage is vital to expression. Ideally it is nipped in beind the wattle and rises in a slightly widening arc to its zenith above, but in front of the eyes. The frontal plumage also arcs out in a slightly smaller radius into the face, but without obstructing the birds vision. Snipey frontals are bad faults, but at the other extreme, Tumbler type frontals exclude expression and are not ideal. From its zenith above and in front of the eyes, the line of the head plumage should slowly fall in an oval, sweeping arc, forming a strong back skull which blends into the thick, dense neck plumage. Likewise, the frontal should blend into the face of the Roller. The neck plumage should be thick and blend into the body above the wing butts, and blend also into the breast plumage. The whole head and neck, viewed from any angle, should be free of flats or corners. Its overall effect




National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

should present a pleasing, attractive pigeon, without any exaggeration. Eyes are also vital to expression; ideally positioned slightly above the wattle, and 14mm-16mm behind them. Eyes should be bright, with the pupil at dead centre, and pinhead small in good light. Eye colour varies from deep orange through yellow, brown, gravel to pearl, but orange and yellow are preferred. Bull or odd eyes are a disqualification in the show pen. Large pupils or pupils pulled to the front of the eyes are a serious fault and an anathema to expression. The eye cere should be hardly visible.

**COLOUR & MARKINGS** (7 points) Whilst vital to a pigeon's attraction, colour and markings are secondary to head qualities and overall type. That said, rich attractive colours and pleasing markings should be accorded merit. However, a drab coloured bird of ideal type should always be placed above one of inferior quality.




***South African Rare Breeds Club***

***Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub***

***Established *** 1988 *** Gestig***



**We endeavour to enhance the following rare breeds**
**Ons bevorder die volgende skaarsrasse**

**Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soultz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad**


**For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak**
**President: Netta Prince - Tel: 041 365 7737 Cell: 082 565 9022**
**Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214**



**When I say that 'I am a Christian', I am not shouting that 'I am clean living. I'm whispering 'I was lost, but now I'm found and forgiven.'**


Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org









INTERNATIONAL BRUNNER CLUB

"Passionate about brunners internationally. improving their standards by sharing ideas and bringing breeders closer together"

POUTER SOUTHERN AFRICA







**President:** Danie Visser
PO Box 42
Kenhardt 8900
Cell: 08[illegible]60
E-mail:**dhvisser@telkomsa.net**

**Secretary:** Christo Munnik
PO Box 618
Anerley 4230
Cell: 076 391 58[illegible]
E-mail: **cora.christo@gmail.com**



National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



## Opreg soos die duiwe?

**At Nigrini**

Ds Hennie Horn het jare terug hierdie artikel gedoen en selfs nie ek kan dit beter stel nie.

Die middag toe ek van die skoolafkom, het hy in al sy glorie op ons plaashuis se dak gesit 'n pragtige rooi-bontduif met sygroen glansende kraag. Ek was maar seker so in gr 1, maar dit kon nie hoër of laer nie ek wou hom hê! Met my pa en die plaas werkers se hulp het ons hom gevang en in hok gesit. Hy was seker maar 'n 'common'- DIE PRAGTIGE DUIWE MANNETJIE. Later het ek iewers vir hom 'n wyfie gekry, en so het my liefde gegroei... tot vandag toe.

Later het ek opregte tuimelaars en Mookees bygekry nogal van Nelspruit af, met die trein gekom! Ek onthou die opwinding! By 'n neef van my het ek 'n klompie wedvlugduiwe persent gekry- maar die belangstelling het gou getaan toe 'n hele klomp van my jongspan na die eerste oefenvlug van so 30 km nie huis toe gekom het nie. Die verlieis en teleurstelling was net te groot.

Duiwe het vir my 'n besonderse bekoring. Natuurlik lê daar in die wonderlike patrone van kleur en vorm 'n soort misterie wat jou eenvoudig boei;

**MET KLEUR WAT JOU LAAT DUISEL;**

van wit en geel tot diep donker rooi (amper karmoesyn)

van liggrys tot diepblou en glansend swart

en al die kombinasies en skakerings daar tussen.

**MET VORM WAT JOU BETOWER;**

die pronkerige kropduif en waaierstert;

die flambojante tuimelaar familie;

die ou kleintjies waaronder Arabiese lagduif met sy ongelooflike pronkgeluide wat soos skaterlag klink;

die netjiese Mookees en Modenas en Uiltjies;

die waardige Jakobyn en Kapusyners;

Die hele familie van Hoogvliers en skouwedvlugduiwe (Show Racers, Dragoons, Carriers)... waar sal ek ophou????

die grootes; Gross Mondains, Kings, Runts, die majestieklikes, moet ek nog noem???

Dieselfde geld natuurlik ook vir ons wonderlike inheemse duiwe van die klein Namakawaduifie en Groenvlerkduifie tot die lieflike Kransduif met sy helderrooi oog. En die wilde uitheemse duiwe; lagduifies, Diamantduifies, Zebraduifies, ens!


*NAK Smit*

**Teel met American Show Racers**

**Patrysstraat 36**
**Stellenbosch**
**7600**
**Cell: 072 585 0348**
**E-pos:**
**naksmit@adept. co.za**

Maar miskien lê die grootste bekoring van 'n duif in sy temperament; sy sagtheid; sy byna pynlike weerloosheid; sy goedhartigheid.

'n Duif is nie maklik 'n moelikheidmaker nie. Sy nes sal hy wel hewig verdedig, as dit daarop aankom, maar verder is hy nie 'n vegter of oproermaker nie. (by geleentheid het ek tog, ek was nog 'n kind 'n duifmannetjie wat 'n ander nes se kleintjies doodgebyt het, summier tereggestel aan 'n galg! Later het ek baie sleg gevoel daaroor)

'n Mens sou byna kon sê 'n duif lyk of hy kan liefhê. Geen wonder dat die duif 'n simbool van vrede is nie. Sy opregtheid sonder verborge motiewe en agendas: Soos jy hom daar sien, so is hy: opreg, suiwer, die ene onskuld.

Hierby sluit ons Here Jesus aan as hy in Mattheus 10;16 sy Apostels die wêreld instuur"....soos skape onder die wolwe" om dan versigtig soos die slange" te wees! en veral opreg soos die duiwe!"

Sonder maskers;

Sonder verborge motiewe en agendas;

Sonder enige valsheid, die suiwer onskuld;

Regverdig, billik;

Mense met intergiteit !

Soos jy hom sien, so is hy!

En nou weet ons mos, my vriende, ons maak dit nie 100% nie, miskien so 20% of 50%, of dalk as die Genade groot is 80%.

Net een voldoen volkome aan die eis! Jesus Christus self. Die Groot Onskuldige! Die Regverdige! Die Suiwer opregte.

Aan die kruis het Hy; ons onopregtheid vasgespyker; ons valsheid weggedra; en ons onregverdigheid en onbillikheid se rekening betaal.

ALLES ! VOLKOME!

En die wat waarlik in Hom glo, maak hy nuwe mense. En die nuwe mense bevry Hy; om waarlik opreg te wees... soos die duiwe! Sonder enige valsheid, regverdig, billik en onkreukbaar!

Sê my; ervaar mense dit ook by jou?

Waar jy duiwe of hoenders en voëls teel of skou of beoordeel? Waar jy koop en verkoop en waar jy in die wandelgange gesels en ou vriende opsoek?


Hoor die Woord van die Here Jesus;

"Wees opreg soos die duiwe!'

Dankie

At Nigrini






**_Chris de Bruin_**

**Teel met Cauchois, American Giant Runts, Strassers, Swiss Mondains & Gros Mondains.**

**Kontak besonderhede:**

**Tel: 012 8191594 (n/u), 012 4200181 (k/u),**

**e-mail: chris.debruin@dcs.gov.za of tiaandebruin@hotmail.com**



Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377




## Die SA Skou Roller

**Raymond Hohls**

Die Birmingham Roller Vertoners Klub (BRVK) is nou al vir 'n geruime tyd besig met die SA Skou Roller. Die ontstaan van die SA Skou Roller is te danke aan oorlede Chris van den Berg en Chris Lamont. Rolling Thunder Lofts wat hulle vennootskap was het so deur die jare die Birmingham Roller geteel en so nou en dan het die rollers met die groter koppe en dikker nekke hulle verskyning gemaak. Hulle altwee het van die duiwe ook gehou en het hulle dan so geteel ook. Die tipe duif het dan die meer aan die geskrewe standaard voldoen met die groter koppe en dikker nekke nie.






Op versoek van die telers en die BRVK is besluit om die duiwe onder die naam van SA Skou Roller te skou en is die naam so in die skouskedule opgeneem. Tans is daar geen geskrewe standaard nog vir hulle nie. Die standaard van die huidige Birmingham Roller gaan as maatstaf gebruik word met die verandering by die nek en kop wat aangepas gaan word.

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Verskeie telers van die Birmingham Rollers het van die rollers bekom en dan so ook geteel met hulle. Rolling Thunder Lofts het eerste van hulle duiwe beskikbaar gestel vir so 'n projek sodat die lede kan gaan teel en by 'n geleentheid weer die duiwe te selekteer vir verdere teling. Tydens die SA's in Bloemfontein het Gladiator Lofts ook verskeie van die rollers beskikbaar gestel.



Die BRVK gaan die standaard moet skryf en die prosedure volg om die ras te vertoon en later op die skoue te kan skou. Hier volg paar fotos van die SA Skou Rollers wat tans hier by my is. Die grizzle is 'n ou mannetjie en die ander twee is van die laaste kuikens van die broeiseisoen.





## Bengalêse vinkie (lonchura striata var. domestica)

**At Nigrini**

Die Bengalêse vinkie is eeue terug geteel deur die Chinese met 'n kruis tussen 2 vinkies wat uit Indie, Sri Lanka, Burma en Sumatra kom. Hierdie vinkie broei beter in 'n kou as in 'n groot hok en gee nie om, om ander voëls se kuikens groot te maak, soos Gouldians en Australiese grasvinke nie. As jy die voëls in teelkoue binneshuis aanhou sal hulle heel jaar broei.

Die voëls is baie moeilik om uit te ken watter mannetjies of watter wyfies is, maar die mannetjies het so 'n snaakse manier van buig en opwip en sy stert oopmaak (fan) terwyl hulle, hulle liedjie sing wanneer hulle die wyfies die hof maak.

Hulle eet omtrent alles, soos sade, hawer, appel, lemoen, brood wat geweek is in melk, ook eiers wat hard gekook is en is versot op vlieg- en brommerlarwes en ook meelwurms. Ook vreet hulle aan die pink vitamieneblokke en vistonge asook saad wat uitgeloop is.

Verspreiding: nêrens in die natuur kom hulle voor nie.

Habitat: hokke en koue.

Hoeveelheid eiers: 4 tot 6 eiers maar gee nie om



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

as ander wyfies in hulle nes bylê nie.

Broeitydperk: 12 tot 13 dae deur beide ouers.

Speentyd: 24 tot 26 dae.


Gemiddelde leeftyd: 5 jaar.

Jong voëls: hulle is dowwer as die ouers tot na eerste verveer.

Kleur: baie groot verskeidenheid soos sjokolade/wit, fawn/wit, self sjokolade/fawn en wit, verdunde kleur in bogenoemde, ook kuifkoppe in alle kleure, ook albinos, inogrys, rooi-grys en pastel en ook is daar vinkies wat bors strikke (frill) dra.

Hierdie is 'n maklike vink wat nie agressief is nie en maklik broei en ook nie raas nie en is 'n baie gewilde vinkie in 'n gemengde voël hok.





## My broer se kraai, KAREL

**At Nigrini**

My broer De Waal het 'n swart kraai gehad, hier's sy storie;

Agter ons plaasopstal was 'n bloekombos soos meeste Karoo plase het en in die middel was 'n denneboom. In die boom het daar, jaar na jaar 'n paar swart kraaie gebroei, met 'n groot nes wat elke jaar hoër en hoër geword het. Baie Sondae het ons 'n mandjie gepak en rooster en vleis gevat en gepiekniek-braai in die bos, dit was meestal lekker koel en Ma het 3 komberse gevat en ons het later een boom wat geval het se stompe gesaag en gerol om sitplekke te maak. Ook die Hadidas was doenig in die bos en het ons vermaak met hulle roep wat amper soos "MAAK KLAAR" geklink het. Daar was ronde ysterklippe in 'n sirkel gepak vir die vuur en ons jongspan was besig om te speel toe middel-boet aangedraf kom met 'n kraaikuiken wat uit die nes geval het, een been sleg gebreek. "Gisteraand se ruk-wind" sê my Pa doodgewoon "vat 'n klip en gooi hom dood"

My broer sê toe "asb pa ek sal sy been spalk en vir hom 'n hok bou en kos gee en ek sal sy hok skoonmaak", so kyk my Pa na my Ma en sy maak hom 'n belofte met die fladder van haar oë en hy sê wragtig "JA" met 'n groot glimlag op sy gesig.

Jare later het ek die krag van 'n vrou se oogfladder eers werklik verstaan.

Nou's ons huis toe, rooigoed (mecurocrome) en 2 sosatiestokkies wat middeldeur gebreek was en tape, het die werk gedoen, maar ons het erg bebloed van die operasietafel weggeloop, want kraai het 'n snawel wat hy kwistig gebruik het en sy voet wat nog gewerk het, se klou is soos 'n klamp as hy jou vang. Nou's daar 'n stuk lap gevat, gate ingesny vir sy bene en net 4 toue in sy hok gehang amper soos 'n hangmat, hiervan het Karel minder as niks gehou nie, hy het geskree al wat hy kon.

Die volgende oggend is

stukkies vleis en brood voor hom neergesit, amper soos 'n offerhande, maar hy het geskree en sy smawel woes gebruik, dis toe dat ek my onttrek het aan die kos gee en versorging van Karel. Hy was pleinweg onbeskof en ondankbaar. Dag 2 toe begin Karel vreet en dag 3 na Karel 'n nommer 2 gelos het, het ek besef hoekom my Pa hom wou stenig!

Karel het nou op sy een been rondgespring en na 5 weke het hy self sy spalke afgewoel met sy snawel, hy het teen die tyd sy been begin gebruik, maar hy was effe mank en het so 'n styfheid in sy loop gehad.

Ook het Karel nou al soos meeste mense gelag en geblaf soos die honde en begin kraai. Aan aandete tafel was Karel 'n groot besprekings punt en De Waal het ons op spoed gehou met sy vordering en ook sy spraaklesse, maar Karel het nooit van my broer gehou nie en het vreeslik geskree en gepik as sy hok skoongemaak is, sy vlerke teen die draad stukkend geslaan en hy was nie mooi om na te kyk nie, want hy was verrinneweer, om die minste te sê. My Pa het ook net eenkeer probeer verduidelik dat Karel al te oud was toe hy gevang was, en dat dit beter sou wees vir Karel, as hy maar vrygelaat sou word, maar my Ma het my Pa so 'n ligte kyk gegee en haar blou oë het, net vir 'n sekonde so 'n intense blou geflits, toe eet my pa maar en ons praat oor die veld wat mooi was en dat ons Saterdag die 3 byeneste in die kloof gaan uithaal. Daardie oogflits wat so intens word en ys tussen die tande van 'n vrou het ek ook eers later geleer verstaan. My Pa was 'n wyse man!

Saterdagoggend moes ons 3 broers ons matrasse se kaf uithaal, dit in die honderhok neste gooi en vars kaf in die matrassloop trap en toe's ons sak en pak met vleis,kos en tee bye toe. Daardie aand lê ons en toe kleinboet slaap, hoor ek my broer snik, "wat's fout boeta" vra ek maar versigtig, want 'n man huil mos nie, "dis oor, Karel" sê hy, "wat oor Karel","hy wil my nie hê nie, hy hou niks van my nie, ek verstaan nie, ek het hom opgetel en sy been gespalk en maak sy hok skoon en versorg hom, maar hy skree en byt my, hy sou gevrek het, as ek hom nie gekry het nie, ek gaan nie meer 'n veearts word nie, maar 'n advokaat", en nou nog hoor ek sy woorde, hy is 'n advokaat vandag, maar ek't niks gesê nie."Ek wil net graag hê dat Karel by my sal bly uit sy eie uit!"

Sondag was nagmaal, by ons op die plaas en almal wat perd, donkie of motor gehad het, selfs dikwielfiets BSA, het gewoontlik vroeg opgedaag om die Karoo hitte te omseil, toe's Karel se hok oopgemaak, hy het so stywe been gehardloop-spring en weggevlieg en dit was baie stil op die werf. Oom Samie, wyk-ouderling het ewe droog gevra wie dan nou gaan sing as Karel nie meer daar is nie? Daardie aand het ons almal gesê dat dit die regte ding was om Karel vry te laat.

Maandag, Dinsdag het gekom, maar Woensdagoggend vêr voor dagbreek het Johannes melkemmers kom haal en vuurgemaak in die stoof, water opgesit en ons kom roep om te help met die besorg. Ons drink nog so koffie toe hoor ons maar hier lag



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

nou iemand op die werf, "dit klink soos die grootbaas" sê Johannes, nee sê ek "pa lê nog hy wag vir sy koffie". Ons drie is uit buite toe en daar sit Karel in sy hok en hy lag en groet ons, my broer het versteen gestaan en ek het vleisies en brood gaan haal wat hy in Karel se hok gesit het, Karel het hom nie aangeval nie, maar toe hy die hok se hek wou toemaak het Karel hom aangeval. Ewe droog sê hy "dan los ons dit maar oop". Eers toe Karel uit sy hok stap met sy stywe been toe weet ek dis hy.

Karel was gou weer raafswart, blinkgepoets en 'n meester in die lug, hy het saam met Johannes water gelei en in die tuin gewerk om wurms te eet, as Johannes die graaf se sooi so omdraai, het hy sy kop gedraai om seker te maak hy mis nie 'n wurm nie, spinnekoppe was ook besonder hoog op sy spyskaart. Hy was ook 'n vernuftige eierdief en het met baie blink goed verdwyn. Karel het meeste dae bos toe gevlieg en heeldag daar gewei, maar saans was hy in sy hok. "Dit boeta" het De Waal gesê "is Karel my kraai."

Baie dae wonder ek of hy dalk nie 'n beter veearts sou gewees het as 'n advokaat nie, as Karel miskien nie in ons lewens was nie!





## Jeugskou in Pretoria Landbou Skou en Noord van die Vaal se streekskou


**Chanté van Staden**

Jacaranda Landbouskou | Agricultural Show

Dubbel en dwars was my opgewondendheid toe ek een oggend die lente buite gewaar en besef die Pretoria Jeugskou en my eerste Sierduifskou is nou naby.

Paps.

Oom Chris en oom Nollie stuur vir my my eerste inskrywingsvorm. Ek en my ma sukkel so bietjie met die bepaling van die



Die ou hoenderhokke is nou die tuiste van my nuwe sierduiwe. Ook het my pa hulle "bakkie canopy" van ouds omskep in 'n hotel vir my Sjinese Uile. Dankie geslagte van die duiwe wat ingeskryf moet word. Ons het Google se metodes probeer om te sien wie is die mannetjies en wie die wyfies, ek het nog baie om te leer.

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377


National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

Ek skryf my Norwich Croppers, Voorbrug Shield Croppers en Pigmy Pouters sowel as Holle Croppers en Sjinese uile in.




Oom Nollie ontvang ons vriendelik in Pretoria en help met die inhok.

Vrydag oggend vroeg daag ons op met die skoolbus in Pretoria vir die Jaarlikse Pretoria Jeugskou. Ek was so opgewonde oor my eerste Sierduifskou, ek moes my net eers haas na die saal om te sien hoe my duiwe gedoen het.



Oom Chris vra darem moeilike vrae hoor.


My duiwe se uitslae was fantasties (dis nou wel nie my eie geteelde duiwe nie maar my geskenkte duiwe) maar trots was ek trots. Dankie aan Noord-van-die-Vaal vir die geleentheid.



DANKIE OOM MATT, HIERDIE NORWICH CROPPER IS MY GROOT LIEFDE. HY WEN 'N 1ste.

Die Jeugskou self waar ek en my kennis beoordeel is, was ook 'n fees. Hierdie jaar is my eerste jaar as Senior en ek het 'n derde plek verower met my Norwich Cropper. Dankie weereens aan Oom Chris en Oom Nollie en hulle streek wat ons kinders kom beoordeel het en sommer weer baie nuwe duiwe kennis ingeprop het.

My Pigmy Pouter



My sjinese uile was ook



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

kampioene. Dankie oom Lourens Muller, dit was so lekker om my 1ste plek te kon wen met so 'n pragtige duif.

"BOEREFEES" in Augustus

Noord Noordwes Jeugskou

Hierdie skou is in die hartjie van die Bosveld. Net buite Brits by Hoërskool Wapos, 'n pragtige landbouskool.

Dankie aan oom Ruben Kitching lekker om 'n sierduif teler daar in Bosveld te kon sien.







## Sake uit die Beoordelaarsforum

**Willie van Zyl**

Die afgelope vergadering in Parrow was baie swak bygewoon. Ek kan nie glo dat die beoordelaars hul eie forum waar hul hul sake kan stel en opklaar nie gebruik nie.

Ek wil graag 'n paar sake wat daar bespreek was onder die lede se aandag bring.

Dat streke slegs "B" grootte hokke in hul hoof beoordelings area moet gebruik. Streke moet ook asseblief daarop let om die korrekte hok tipes vir die groter rasse te gebruik. Dit is 'n saak wat amper elke jaar bespreek word. Sommige hokke se hekke is ook so klein dat die duif nie behoorlik ingesit en uitgehaal kan word nie.

Streke moet asseblief ook weer van skaafsels en nie sand gebruik maak, behalwe vir die rasse wat daarvoor gevra het en goedkeuring gegee is.

Spesialiteitsklubs wat 'n prestigeskou saam met 'n streek se skou wil aanbied moet onthou dat hulle hul eie beoordelaars - in samewerking met die betrokke streek - moet aanwys en vergoed sodat daar nie op die streek se beoordelingsreëlings inbraak gemaak word nie. Hierdie jaar was dit die geval by een streek waar almal moes help om eers die klub se beoordeling te doen en toe kon die normale beoordeling

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

voortgaan. Op hierdie skou was ook net een Senior Beoordelaar teenwoordig. Dit mag nie weer gebeur nie.

'n Interessante punt was ook die vergoeding van beoordelaars op streekskoue. Elke streek het sy eie prosedure.

'n Ander punt wat ook lekker bespreking uitgelok het was - foto's op sosiale media en die "beoordelings" kommentaar daarop. Lede en bepalend beoordelaars is versoek om hulle te weerhou van negatiewe en onsensitiewe kommentaar op slegs 'n foto. Die Nasionale Redakteur het opgemerk dat daar nooit kommentaar op fotos is wat in die Sierduif geplaas word nie.

Groete en voorspoed in die teelseisoen.



## Uiteindelik - 'n Probiotika wat 'n verskil maak

**deur Hennie Kriel van bioworx (edms) bpk, Gebou 23, WNNR, Pretoria**

Die gesondheid, immuniteit en prestasie van duiwe, of dit wedvlugte, broei of ververing is, is hoofsaaklik afhanklik van die kwaliteit voedsel wat hulle eet asook 'n optimaal funksionerende spysverteringstelsel.

### Eienskappe van 'n optimaal funksionerende spysverteringstelsel

- 'n Onbeskadigde slymvlieswand
- Behoorlike vertering van voedsel en
- Optimale opname van voedingstowwe

### Voorvereiste vir 'n optimaal funksionerende spysverteringstelsel

- Optimale aantal vriendelike mikro-organismes / probiotikas* in die spysverteringstelsel.

### Hierdie mikro-organismes / probiotikas* doen die volgende:

- Hulle verhoog immuniteit en voorkom skade aan die slymvlieswand van die spysverteringstelsel deur die slegte / patogene mikro-organismes onder beheer te hou deur middel van kompeterende uitsluiting en die vervaardiging van inhiberende stowwe. 'n Onbeskadigde slymvlieswand sal voorkom dat toksienes in 'n duif se bloed beland.
- Hulle vervaardig ook ensiemes wat help met die behoorlike vertering van voedsel tot opneembare voedingstowwe.

### Wat kan 'n optimaal funksionerende spysverteringstelsel vernietig?

- DIE OORGEBRUIK van ANTIBIOTIKA 1, 2, 3
- Antibiotika maak ALLE bakterië dood - Die goeies en die slegtes!!
- Moet nie antibiotika oorgebruik nie. Gebruik slegs wanneer werklik nodig.

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377

**Hoe kan verseker word dat 'n duif 'n optimaal funksionerende spysverteringstelsel het?**

- Deur die gereelde gebruik van bioworx ANIPRO Aqua - 'n Probiotiese drinkwaterbymidel.

**Voordele van bioworx ANIPRO Aqua**

- Gesonde duiwe @ minder as R10 / duif / jaar
- Laer bedryfskoste
- Beter prestasie

**Uniekheid van die probiotikas* in bioworx ANIPRO Aqua**

Die probiotikas / bakterië is uniek omrede dit endospore vorm wat stabiel is onder hoë temperature, hoë galsoute en suur (lae pH) toestande. Dit bied die volgende voordele:

- Dit kan teen kamertemperatuur vervoer en gestoor word.
- Dit bereik die spysverteringstelsel, waar dit benodig word, onbeskadig.

'n Probiotika is 'n mikro-organisme (bv. 'n bakterie) wat die gasheer voordelig beïnvloed deur die bevordering van 'n gesonde en effektief funksionerende spysverteringstelsel.

**Getuigskrifte**

- "Behalwe vir inentings gebruik ek sedert 2014 slegs bioworx se produkte en word die volgende ervaar:
- Algemene gesondheid van duiwe is puik!
- Veerkwaliteit van duiwe verbeter noemenswaardig.
- "Returns" uitstekend.
- Duiwe presteer baie beter.
- Kuikens in 'n puik kondisie.
- Geen kanker- of asemhalingbehandelings nodig nie, selfs nie in baie warm weer."

Arthur Strydom - De Aar (083 272 6147)

"Gedurende die 2014 vliegseisoen is geen ander produkte soos vitamines, antibiotikas, gesondheids- of ontwurmingsmiddels gebruik nie. Slegs bioworx ANIPRO Aqua was gebruik. Al klink dit onmoontlik was die algemene gesondheid van die hok van so aard dat ek nooit siek duiwe opgemerk het nie. Vanaf 15 Mei tot op datum was dit nie nodig om enige medisyne aan my duiwe te gee nie. Die duiwe is slegs die nodige inenting toegedien soos vereis deur die NOK Unie. Daar

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

was ook 'n duidelike verbetering in prestasie opgemerk."

Johan van Rijswijk - Burgersdorp (083 410 7753)

"Ek het gesukkel met siektes in my hok en het begin om bioworx se produkte te gebruik. My duiwe was nog nooit so mooi en gesond nie. Ek beveel dit aan vir enige duiweteler."

Hennie Swart - Klerksdorp (083 661 3048)

**Probiotika: bioworx ANIPRO Aqua (25 x 5g Sakkies) - Drinkwaterbymiddel**





**Dosis: 'n Minimum van 1 x 5g sakkie per 50 duiwe per week op 'n deurlopende basis.**

**Werking:**

- **Ondersteun 'n optimaal funksionerende spysverteringtelsel.**
- **Verbeter immuniteit**
- **Bevorder gesonde duiwe**

**Voedingsverwante Duiweprodukte**

**bioworx AVIANPRO (1kg): Brouersgis - Verryk met Probiotika & Vitamin B12**




**Werking:**

**" Goeie bron van proteine, Vitamin B, selenium, chromium en yster.**

**" Bevorder spierbou en -herstel.**

**" Bevorder kwaliteit vere.**



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

## bioworx ENERGYOIL (500g & 1kg): Energieverhogende Plantolie




**Werking:**

- **Goeie energiebron tydens die wedvlug-, broei- en verveerseisone. Dit word maklik deur die liggaam opgeneem en bied sodoende 'n vinnige bron van energie.**
- **Verhoed spierdegenerasie.**
- **Verbeter veerkwaliteit.**

## Kontak

| | |
|---|---|
| Adres: | Gebou 23, WNNR, Pretoria |
| Tel: | 012 841 3540 / 082 879 4208 |
| E-pos: | info@bioworx.co.za |
| Webwerf: | www.bioworx-pigeon.co.za |

## Verwysings


1. The dangers of overusing antibiotics

http://www.sandhillvet.co.uk/pdf/pigeons/PIGEON_NEWSLETTER_Spring_2014.pdf

2. The Probiotic "Health Dividend"

http://www.racingpigeonmall.com/loft/products/probiotic-dividend-ebook.pdf

3. Helping the Immune System Do it! (Part 1):

http://www.racingpigeonmall.com/loft/articles/immune-modulators.html


**Die lewe is nie waar jy is nie, maar waarnatoe jy beweeg.**

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

**My werkswinkel is my tempel. Simon Jordaan**

My gereedskap is soos hoofstukke in die Bybel. Dit is hier waar waar ek iets wat oud en afgeleef is kan maak. Dit is hier waar ek iets seldsaams kan skep. Dit is hier waar ek vrede met myself kan ervaar om met JESUS te praat.

Elke gereedskapstuk leer my om my karakter te verbeter. Elke gereedskapstuk toon aan my 'n riglyn vir die lewe. Elke gereedskapstuk leer my hoe my interaksie met ander moet wees. Elke gereedskapstuk het 'n doel. My gereedskaps rak bestaan uit die volgende stukke en elkeen van hul vorm my karakter:

**My Beitel:** om harde kwaste in my gewoontes mee weg te kap en te sny.

**My Hamer:** leer my om die aanslae van die lewe met moedigheid te verduur.

**My Saag:** om slegte gedagtes uit te saag en af te sny. Om verandering van my denke en my houding te verander en my hele wêreld.

**My Passer:** om my te herinner dat die lewe in sirkels loop. Wat ek uitstuur is dit wat later weer terugkom na my. Ek moet waaksaam wees oor wat ek in die sirkel doen want dit kom altyd terug na my – tienvoudig – hetsy goed of sleg.

**My Winkelhaak:** om regverdigheid aan die dag te lê wanneer ek die aksies van ander beoordeel. Die eerste plig van elke gemeenskap is regverdigheid.

**My Liniaal:** om mense te meet aan dit wat hulle doen en nie aan wat hulle sê nie. Ek beoordeel 'n boom nie aan sy blare nie maar aan sy vrugte wat hy voortbring.

**My Merkers Potlood:** om duidelik my foute te merk. Die grootste fout wat ek kan maak is om nie te weet ek het 'n fout gemaak nie.

**My Boor:** om my slegte bedoelings tot in die wortel in uit te haal en te verwyder. Hulle spruit gewoonlik voort uit my onkunde.

**My Bankskroef:** om die feite aan te gryp en die waarheid uit te pers want ek het geleer dat die waarheid meer belangrik is as die feite.

**Die Slypsteen:** om my werk te doen sonder om te mor en te kla. Werk help my om iets te bereik en nie net te verkry nie.

**Die Moersleutel:** om die "Ek gee nie om nie" houding skiet te gee en die "Ek is verantwoordelik" houding bietjie stywer te draai.

**Die Skroewedraaier:** om die verkeerd ongedaan te maak en die reg te herstel. Die goeie is kennis en die bose is onkunde.

**My Veiligheids Brille:** om pynlike geskinder af te weer en my oë oop te hou vir die waarheid.

**My Vyl:** om die weg vir iemand anders gelyk te maak. Geduld en volharding oorwin alle probleme.

**My Tang:** om my foute mee te gryp. Om my foute te erken is die wegspring tot oorwinning en bewys my wyser as voorheen.

**My Skaaf:** om my lewe skoon te skaaf ,vrot splinters van die wereld skoon te skaaf leuentjies en wit leuentjies weg te skaaf. 'n Halwe waarheid is hele leuen.

**My Aambeeld:** om my te herinner om sterk te staan teen die lewens aanslae.



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Teenspoed openbaar wysheid, voorspoed verberg dit.

**My Blikskêr:** om die behoefte om 'n leuen te vertel af te sny. Die grootste leuen in die wêreld begin met die woorde, "Hulle sê ..............."

**My Langbek Tangetjie:** om versigtig die geleentheid uit elke probleem uit te haal. 'n Probleem wat goed gedefinieer is, is 'n probleem wat al halfpad opgelos is.

**My Sweismasjien:** om vriendskapsbande te smee wat 'n leeftyd sal bestaan.



## 2015 Skou en Duiwedae almanak

| | | |
|---|---|---|
| **16 Januarie 2016** | - | **Sponsduif Prestigeskou - Bothaville** |
| **09 April 2016** | | **Noord Vrystaat Jongduifskou - Welkom** |
| Attie van Aswegen | - | 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com |
| **30 April 2016** | - | **KwaZulu-Natal - Pietermaritzburg** |
| Lionel Phillips | - | 082 264 1987 - lhwp@futuregtn.co.za |
| **07 Mei 2016** | - | **Oostelike Provinsie - Port Elizabeth** |
| Johann de Beer | - | 072 399 8952 - info@mbosman.co.za |
| **07 Mei 2016** | - | **Noord Vrystaat - Welkom** |
| Attie van Aswegen | - | 082 411 8483 - attievanaswegen@gmail.com |
| **14 Mei 2016** | - | **Oostelike Streek - Ermelo** |
| Christie Roux | - | 082 324 6590 - rouxpetro1@gmail.com |
| **21 Mei 2016** | - | **Noord-Van-Die-Vaal - Pretoria** |
| Nollie Oosthuizen | - | 082 655 0659 - corppay@mweb.co.za |
| **21 Mei 2015** | - | **Weskaap - Malmesbury** |
| Christo v Vuuren | - | 084 602 1316 - Christo@bhome.co.za |
| **04 Junie 2016** | - | **Suid-Westelike Distrikte - Hartenbos** |
| George Bell | - | 083 348 9969 - bellgeorge@hotmail.com |
| **04 Junie 2016** | - | **Wes-Transvaal - Ottosdal** |
| Awie Esterhuizen | - | 082 682 0143 - pyp.esteruizen@gmail.com |
| **27 Junie tot 01 Julie 2016** | - | **SA Kampioenskapskou - Upington** |
| S Esterhuyzen | - | 083 708 8362 - seppie.esterhuysen@gmail.com |

**Hoofbeoordelaar - Chris de Bruin - Alternatief - Pierre le Roux**

**Let asseblief daarop dat sommige van die datums kan verander**

**When I say 'I am a Christian', I don't speak of this with pride. I'm confessing that I stumble and need Christ to be my guide.**

**When I say 'I am a Christian', I'm not trying to be strong. I'm professing that I'm weak and need His strength to carry on.**

**When I say 'I am a Christian', I'm not bragging of success. I'm admitting I have failed and need God to clean my mess.**

Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011

## *SAFPA - Affiliated Speciality Clubs*

### *Strasser Club of SA*

Pres: Chris de Bruin - 082 426 8703 - Sec: Hendri Botha - 082 550 0158

### *Mookee Club*

Pres: Attie van Aswegen - 082 411 8483 - Sec: Ruben Kitching - 082 434 9808

### *Wattle Breed Club*

Pres: Hennie Hattingh - 082 923 3910 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

### *Heavy Breed Club*

Pres: Frik Schoeman - 083 264 2485 - Sec: Petra vd Berg - 082 776 1378

### *Tumbler Club*

Pres: Bertie Wessels - 083 733 4191- Sec: Christo Britz - 083 626 6003

### *Fantail Club*

Pres: Nico vd Westhuizen - 083 469 4963 - Sec: Willie v Rensburg - 082 787 8701

### *Homer Breed Club*

Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Attie van Aswegen - 082 411 8483

### *Parlour Tumb Club*

Pres: Hansie Botes - 082 732 7372 - Sec: Bertie Wessels - 083 733 4191

### *Blower Club*

Pres: Chris vd Walt - 082 378 6447 - Sec: Pieter Neethling - 071 261 6405

### *Colour Pigeon Club*

Pres: Awie Esterhuizen - 084 682 0143 - Sec: Peet Botha - 082 467 0996

### *Modena Club*

Pres: Ruben Kitching - 082 434 9808 - Sec: Dawie Fouché - 082 838 1417

### *Trumpeter & Toy Club*

Pres: Gert Venter - 076 546 5613 - Sec: Wikus v Niekerk - 012 653 7105

### *American Showracer Club*

Pres: Raymond Hohls - 083 303 9865 - Sec: Matt Willemse - 082 807 3825

### *Frill Club*

Pres: Stewart Patterson 082 457 2919 - Sec: Koot Serfontein - 071 113 1669

### *Chinese Owl Club*

Pres: Kobus Snyman - 082 875 0124 - Sec: Hendriena Swanepoel 073 245 7993

### *Birmingham Roller Exhibition Club*

Pres: Christo Munnik - 076 391 5800 - Sec: Raymond Hohls - 083 303 9865



SAFPA Website - http://www.safancypigeonassociation.za.org

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

## Rules

1. The duration of the competitions will be from 1st July to 30th June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A report about a match meeting will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which ***increases*** its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

## Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van 1ste Julie tot 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk- Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal ***verhoog*** soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat R850 aan 'n advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

### Order from the National Ringmaster:

| | |
|---|---|
| 1. Book of Standards | R180 each |
| 2. Chris Blaauw book for beginners | R 30 each |
| 3. SAFPA Judges list | R 20 each |
| 4. Membership List | R 20 each |
| 5. SAFPA ties (Navy blue) | R 60 each |
| 6. SAFPA Pocket badge (Navy blue) | R 35 each |
| 7. SAFPA Area scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 8. SAFPA Honour scroll (Navy blue) | R 30 each |
| 10. Metal Member & Judges scrolls | R 50 each |
| 11. National pocket badges (Green) | R 40 each |
| 12. National Honour scrolls (Green) | R 30 each |
| 13. National Ties (Green) | R120 each |

**All prices excludes Postage contact Netta Prince for correct postage.**

### Bankofs Shield

| | |
|---|---|
| 1. Western Cape: | 4300 |

### Manie Fourie Trophy


| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 3585 |
| 2. KwaZulu-Natal: | 2064 |
| 3. Eastern Province: | 1255 |
| 4. Eastern Region: | 1248 |
| 5. Western Transvaal: | 1066 |
| 6. Freestate: | 350 |
| 7. Northern Cape: | 350 |
| 8. Northern Freestate: | 200 |
| 9. SW Districts: | 0 |

### Bertie Wessels Trophy



Webmaster - E-mail: danielbierman@vodamail.co.za Tel: 021 572 7474 Cell: 082 940 7377


National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 391 5800 - Fax2mail: 086 541 6011



**Morné Rix's Loft**




**Dominique Peter's Loft**




**Jonothan Roscoe's Loft**



## Jude Roscoe's Loft









